

Jesus het borg geword van 'n beter verbond

Heb 7:20-28

7 Augustus 2022

1. Heb 7:1-10 – Priesterorde van Melgisedek is meer verhewe as die Levitiese priesterorde.
2. Heb 7:11-19 – Priesterorde van Melgisedek is effektief, anders as die Levitiese priesterorde
3. Die priesterorde van Melgisedek lewer die borg van 'n beter verbond (Heb 7:20-22)
 - a. Aanstelling van Levitiese priesters is nie met eed bevestig nie (v 20, vgl Eks 29)
 - b. Aanstelling van die Seun as Priester is wel met eed bevestig (v21, Ps 110:4)
 - i. Die eed en die inhoud van die eed bevestig Jesus is Priester vir ewig – geen verdere verandering in priesterordes moet verwag word nie
 - c. Jesus het ons waarborg geword dat 'n beter verbond sou kom (v22)
 - d. God se verbonde met die mensdom:
 - i. Skeppingsverbond – Werksverbond met Adam (Gen 1-2, vgl Hos 6:7 OAV)
 - ii. Ou Verbond – Genadeverbond
 - Verbond met Adam – belofte van Verlosser (Gen 3)
 - Verbond met Noag – God se oordeel uitgestel tot die einde (Gen 9, Jes 54:9)
 - Verbond met Abraham – belofte van nageslag en beloofde land (Gen 12-17, Heb 6:13, Gen 22)
 - Sinaiverbond – God se wet, insluitende die Levitiese priesterorde (Eks 24)
 - Verbond met Dawid – Koning uit Dawid se nageslag (2 Sam 7, Ps 132:11)
 - iii. Nuwe Verbond – Genadeverbond, verbond met Adam, Noag, Abraham en Dawid onveranderd, in Sinaiverbond word Levitiese priesterorde vervang met priesterorde van Melgisedek en word bevestig met 'n eed (Ps 110:4)
4. Jesus is effektiewe Hoëpriester, omdat Hy vir ewig bly (Heb 7:23-25)
 - a. Baie Levitiese priesters/hoëpriesters – want hulle het gesterf (83 hoëpriesters van Aäron tot 70nC)
 - b. Die Seun is enige en ewige Hoëpriester volgens Melgisedek
 - c. Dood van die Seun is anders as die dood van Levitiese priesters
 - i. Dood van Lev priesters was einde van priesterskap, Seun sterf as Priester
 - ii. Dood van Lev priesters nie deel van priesterlike werk nie, dood van Seun wel
 - iii. Lev priesters het nog nie weer uit dood opgestaan nie, die Seun het wel
 - d. Seun kan effektief red: volkome en vir ewig
 - e. Voortgaande Hoëpriesterlike werk van die Seun: tree vir gelowiges in by God
5. Samevatting van Jesus se Hoëpriesterlike rol (Heb 7:26-28)
 - a. Die Seun is volmaakte Hoëpriester: heilig, skuldeloos, sonder smet, verwyder van sondaars, verhoog bo die hemele
 - b. Hy is werklik die Hoëpriester wat ons benodig